# STAMHEFFINGS

## WAT IS STAMHEFFINGS?

Stamheffings is geld wat tradisionele leiers of tradisionele rade van gemeenskapslede vra.

Hierdie heffings word dikwels gevra vir dinge soos: ’n bewys van adresbrief, toestemming om seremonies te hou, om grond te koop of te gebruik, om ’n besigheid te begin, of om die tradisionele raad se werk te ondersteun. Die bedrae verskil van een tradisionele gebied na ’n ander. As jy verplig is om te betaal (met straf as jy nie betaal nie), dan is dit ’n heffing en nie ’n vrywillige bydrae nie. ’n Heffing beteken jy het nie die reg om te weier nie.




## WAT SÊ DIE WET OOR STAMHEFFINGS?

- Volgens die Grondwet mag slegs nasionale, provinsiale en plaaslike regerings belasting, tariewe of heffings instel.

## GEREGSHOFSAK – WAT ONS KAN LEER: LIMPOPO HOOGGEREGSHOF EN KONSTITUSIONELE HOF UITSPRAKE:

- Artikel 25 van die Limpopo Traditional Leadership and Institutions Act 6 van 2005, wat tradisionele rade toegelaat het om heffings te vra, is ongrondwetlik en ongeldig verklaar.
- Op 1 November 2023 het die Limpopo Hooggeregshof beslis dat Artikel 25 teenstrydig is met die Grondwet.

**Tradisionele rade en leiers het nie die mag om belasting of heffings op gemeenskappe af te dwing nie.**

- Op 20 Desember 2024 het die Konstitusionele Hof die uitspraak bevestig: stamheffings is ongrondwetlik.

🔗 Bevel van di Hooggereshof in Limpopo

🔗 Uitspraak van die Konstitusionele Hof

Tradisionele rade mag net vrywillige bydraes vra, En slegs nadat die gemeenskap geraadpleeg is oor hoekom, hoeveel en waarvoor die bydrae is.

Is dit regverdig dat ons twee keer belas word? Waar gaan die geld heen?

**Jy het die reg op vrye, vooraf en ingeligte toestemming (Free, Prior and Informed Consent). Jy het die reg om te weet:**

- Wat word van my gevra om te betaal?
- Hoekom moet ek dit betaal?
- Sal dit my benadeel as ek saamstem?
- Sal ek gestraf word as ek weier?
- **Ek het die reg om van plan te verander!**

STOP THE BANTUSTANS

# WAARVOOR WORD EK BELAS? EN WAT NOU?

### TIPES HEFFINGS WAT VOORKOM:

- [ ] Begrafnisheffing – vir begrafnisplek
- [ ] Heffings vir die tradisionele raad se administrasie
- [ ] Bydraes vir inisiasieskole
- [ ] Seremoniële bydraes (vir rituele of feesvieringe)
- [ ] Heffings vir vee-oordrag (om vee te skuif of te verkoop)
- [ ] Huweliksheffings (vir bewys van ’n tradisionele huwelik)
- [ ] Grondheffing – vir gebruik van grond of woning
- [ ] Skoolondersteuningsheffings
- [ ] Ontwikkelingsheffings (byvoorbeeld om ’n saal, skool of gemeenskapsfasiliteit te bou)
- [ ] Sekuriteitsheffings
- [ ] Boetes

**Daarom mag geen lid van ’n tradisionele gemeenskap verplig word om te betaal nie.**

**Wat kan ek doen as ek steeds verplig word om te betaal?**

- Dien ’n petisie by die Provinsiale Wetgewer in
- Kontak CoGHSTA
- Gaan na jou naaste polisiekantoor (SAPS)
- Skakel die Premier se tolvrye nommer
- Kontak ons by: info@stopthebantustanbills.org




## Vir meer inligting:

INFO@STOPTHEBANTUSTANBILLS.ORG
+27 (0) 10 021 04572 / +27 (0) 66 132 5909
HTTPS://STOPTHEBANTUSTANBILL.ORG

STOP THE BANTUSTANS